

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

STUDY

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V1

FEBRUARIE/MAART 2015

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 23 bladsye.

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek inligting uit bronne • Selektoring en organisasie van relevante inligting uit bronne • Definieer historiese begrippe/terme 	30% (15)
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Interpretasie van bewyse uit bronne • Verduidelik inligting verkry uit bronne • Analiseer bewyse uit bronne 	40% (20)
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings 	30% (15)

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae eis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

- 2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.
- 2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.
- 2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer

^

- Verkeerde stelling _____
- Irrelevante stelling |
|
|
- Herhaling **R**
- Analise **A**√
- Interpretasie 1√

2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

C	VLAK 4	



2.5.2 Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

C	VLAK 4	
P	VLAK 3	

Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

C	VLAK 4	} 26 – 27
P	VLAK 3	

Globale Assessering van Opstelle: Totale Punt: 50

	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
AANBIEDING  INHOUD 	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. 'n Goed gebalanseerde, oorspronklike en onafhanklike argumentslyn is ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking is bereik uit bewyse gebruik om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argumentslyn is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te verkry om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking verkry uit bewyse om die argumentslyn te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik tot 'n sekere mate om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van getuienis.	Toon soms bewyse van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argumentslyn vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur getuienis nie.	Poging aangewend om 'n antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend, of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te bereik nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudkeuse ten volle relevant tot die argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudkeuse relevant tot die argument wat gevolg is.	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud genoegsaam en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante inhoudkeuse.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Inhoudkeuse hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal					20–23	18–19	14–17
VLAK 1 Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud						14–17	0–13

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE PROBEER OM TUSSEN 1946 EN 1951 INVLOEDSFERE IN EUROPA TE VESTIG?**

- 1.1 1.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese begrip uit Bron 1A – V1]*
- 'n Skeidslyn tussen lande onder die Sowjetunie se invloedseer en die onder kapitalisme
 - 'n Denkbeeldige lyn (soos verstaan deur Churchill) wat Oos-Europa en die Sowjetunie van Europese lande onder die Westerse (kapitalistiese) invloedseer geskei het
 - Churchill het Stalin, wat stadig die voorheen demokratiese/kapitalistiese lande oorgeneem het en hulle in die Sowjet invloedseer gebring het, geïntimideer
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)
- 1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Warskou
 - Berlyn
 - Praag
 - Wenen
 - Boedapest
 - Belgrado
 - Boekarest
 - Sofia
- (enige 4 x 1) (4)
- 1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'Athene (Griekeland) alleen is vry om oor sy toekoms te besluit by 'n verkiesing onder Britse, Amerikaanse en Franse waarneming'
 - Griekeland is vry om verkiesings te hou
 - Verkiesings is in Griekeland onder Britse, Amerikaanse en Franse toesig gehou
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)
- 1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A– V2]*
- Oos-Europese regerings was onder die beheer van Kommunistiese Partye wat 'n sterk houvas op hulle gehad het
 - Kommunistiese regerings is deur Churchill en Westerse lande beskou as diktatoriaal
 - Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

- 1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Politieke instellings
 - Ekonomiese instellings (2 x 1) (2)
- 1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Die Verenigde State van Amerika se Kongres het finansiële dissipline beoefen en was versigtig met die spandeer van sy geld
 - Die Verenigde State van Amerika se Kongres was onwillig om die VSA se betrokkenheid in Europese sake te verbind
 - Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)
- 1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Acheson het gesê dat die krisis in Turkye en Griekeland 'n gevolg was van die Koue Oorlog konflik en het die ingryping van die VSA benodig
 - Hy het gesê dat as Turkye en Griekeland sou val, dan sal Iran, Afrikalande en ander Europese lande ook onder kommunisme val
 - Acheson het die Verenigde State van Amerika se Kongres oortuig dat slegs die Verenigde State van Amerika die kommunistiese aanslag kon keer
 - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)
- 1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Tsjeggo-Slowakye
 - Pole (2)
- 1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Hy het besef dat lande in Oos-Europa hulp van die Marshall-plan kon aanvaar
 - Oos-Europese lande was oor die algemeen arm en sou daarom finansiële hulp verwelkom selfs al was dit van die Weste
 - Hy het dit gesien as 'n strategie deur die VSA om hulle invloedssfeer in Oos-Europa uit te brei
 - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)
- 1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Om die Marshall-plan teen te werk deur 'n groep kommunistiese regerings wat die invloed van die Weste sou teenwerk, te stig
 - Om handel te ko-ordineer en te bevorder tussen lande in die Sowjet invloedssfeer om kontak met antikommunistiese lande te ontmoedig.
 - Om lidpartye te verbind tot 'n gemeenskaplike strategie om die groeiende invloed van die Weste teen te werk
 - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4 *[Vergelyking van inligting in Bron 1B en 1C – V3]*

- In Bron 1B het Acheson sy vrese uitgespreek dat indien Turkye en Griekeland in die hande van die kommuniste sou val, Iran, Afrika en Europa ook sou val. Die staatsgreep deur Moskou op Tsjeggo-Slowakye en die Berlynse krisis (Bron 1C) bevestig Acheson se vrese soos uitgedruk in Bron 1B
- In Bron 1B is Acheson bekommerd oor 'n 'kommunistiese aanslag', sommige mense in die Weste glo dat die totstandkoming van die Kominform hierdie vrese bevestig het, soos gestaaf in Bron 1C
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.5 1.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- (a)
- Truman word uitgebeeld as sag/beleefd/respekvol/verwelkomend (hoed van sy kop is 'n teken van respek teenoor sy kliënte)
 - Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)
- (b)
- Stalin word getoon as aggressief (stoot en gryp kliënte in sy huurmotor [taxi])
 - Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.5.2 *[Vasstelling van partydigheid in Bron 1D – V3]*

Kandidate moet aandui of die spotprenttekenaar se uitbeelding van die gebeure PARTYDIG of ONPARTYDIG is.

PARTYDIG

- Die spotprent is in Brittanje gepubliseer (binne die VSA se invloedssfeer) en toon Stalin (kommunisme) aggressiewer as Truman (kapitalisme)
- Stalin word uitgebeeld as aggressief deur kliënte te stoot en te gryp in sy huurmotor (taxi) (dwing lande in kommunisme/Stalin se kliënte ken dalk nie die pakket na die hotel omdat dit 'inklusiewe terme' het)
- Truman word uitgebeeld as 'n gentleman – met die hoed van sy kop as 'n teken van respek teenoor sy kliënte/Griekeland en Turkye sit gemaklik in Truman se huurmotor (taxi)/Truman se kliënte weet dat hulle gemaklike verblyf in die hotel sal kry waarheen hulle geneem word
- Enige ander relevante antwoord

ONPARTYDIG

- Die spotprent toon die werklike gebeure - Stalin het lande gedwing om kommunisties te word teen die wil van die meerderheid (bv. Staatsgreep in Tsjeggo-Slowakye in 1948)
- Die Sowjetunie het sy invloedssfeer in Oos-Europa met geweld uitgebrei.
- Truman het Europese lande bygestaan met hulp (Marshall-plan)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 [Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne - V3]

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die Sowjetunie (Moskou) het beheer oorgeneem van Sentrale en Oos-Europese lande teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog. Churchill het hierna verwys as die *Ystergordyn* (Bron 1A)
- Die VSA het beslis dat die Truman-leer 'n verbintenis was deur die VSA om op te tree teen en om kommunisme te verhoed om verder na Wes-Europa te versprei (Bron 1B)
- VSA het die Europese Herstelprogram (Marshall-plan) ingestel om hulp aan lande te voorsien sodat hulle onder die Westerse sfeer (kapitalisme) sal val (Bron 1C)
- Die Marshall hulp het baie heelhartig gewen omdat die VSA \$13 biljoen belê het in hulp tussen 1948 en 1951 (Bron 1C)
- Die Sowjetunie het op die Marshall-plan gereageer deur die Kominform wat verseker het dat buitelandse kommunistiese partye kon oorneem (Bron 1C)
- Die Sowjetunie spandeer rofweg dieselfde bedrag as die VSA (\$13 biljoen) om sy invloedssfeer in Oos-Europa te behou (Bron 1C)
- Die Sowjetunie het geweld gebruik om sy invloedssfeer te vergroot (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv. toon geen of min begrip om die pogings van die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie om belangessfeer in Europa tussen 1946 en 1951 te vestig, te verduidelik. • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. 	PUNTE 0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. toon begrip om die pogings van die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie om belangessfeer in Europa tussen 1946 en 1951 te vestig, te verduidelik. • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. 	PUNTE 3–5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip om die pogings van die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie om belangessfeer in Europa tussen 1946 en 1951 te vestig, te verduidelik. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. 	PUNTE 6–8

(8)
[50]

VRAAG 2: WATTER FAKTORE TUSSEN 1975 EN 1976 HET TOT DIE UITBREEK VAN DIE BURGEROORLOG IN ANGOLA BYGEDRA?

- 2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Holden Roberto (FNLA)
 - Agostinho Neto (MPLA)
 - Jonas Savimbi (UNITA) (3 x 1) (3)
- 2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'n Koalisieregering van die drie nasionalistiese groepe is gestig
 - Verkiesings vir 'n Konstitusionele Vergadering sal in Oktober 1975 gehou word
 - Die drie nasionalistiese bewegings sal elk 8 000 manne bydrae tot die nasionale weermag (enige 2 x 1) (2)
- 2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Om burgeroorlog te stop/om 'n einde te bring aan gevegte tussen die groepe
 - Om voor te berei vir vrede
 - Dit is gedoen in 'n gees van samewerking wat in lyn was met die Alvor ooreenkoms
 - Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)
- 2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- FNLA se gewapende magte is geskat op 15 000 troepe en was die grootste van die drie nasionalistiese bewegings
 - Hulle was goed toegerus nadat hulle wapens en opleiding van die VSA en China deur Zaïre (die Kongo) ontvang het
 - Ondersteun deur Chipenda [voormalige MPLA generaal] se weermag wat van die MPLA weggebreek het
 - Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)
- 2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Zaïre (1 x 1) (1)
- 2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- FNLA was nie 'n Marxistiese organisasie nie
 - Identifiseer met kapitalisme deur sy assosiasie met Zaïre
 - Om 'n kapitalistiese FNLA 'n kommunistiese uitbreiding in Angola te laat keer
 - Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

- 2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Zambië
 - Suid-Afrika (2 x 1) (2)
- 2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- UNITA was kapitalisties en ontvang ondersteuning van Suid-Afrika en die VSA
 - MPLA was kommunisties en ontvang ondersteuning van Kuba en die Sowjetunie
 - Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)
- 2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Die FNLA was goed bewapen en het deelgeneem in militêre aanvalle
 - Die FNLA het die ondersteuning van Portugese huursoldate bygevoeg om hulle kapasiteit te versterk
 - Die FNLA het probeer om beheer in Luanda oor te neem deur militêre mag te gebruik
 - Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)
- 2.3.2 *[Analiseer inligting in Bron 2C – V2]*
- Die FNLA sou goed geplaas word om beheer van die regering oor te neem nadat verkiesings gehou is
 - Beheer oor die hoofstad (waar regeringsamptenare geplaas sou word) sou verseker dat hulle beheer oor die administrasie van die regering het
 - Om die MPLA van Luanda te verwyder voordat verkiesings gehou sou word
 - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)
- 2.4 2.4.1 *[Verduideliking van 'n historiese begrip uit Bron 2D – V1]*
- Militêre taktiek of strategie van tref en trap, hinderlaag of sabotasie is gewoonlik deur 'n klein groep soldate ondersteun
 - Onkonvensionele taktiek is gebruik om te verseker dat hulle 'n vinnige greep oor mag verkry
 - Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)
- 2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- UNITA het 600 mans in die oorlog by Huambo verloor
 - UNITA kon nie staan teen die MPLA se konvensionele weermag by die oorlog van Huambo nie
 - Die MPLA was uitermate sterk as gevolg van die ondersteuning van die Sowjetunie en Kuba
 - UNITA was nie langer militêr ondersteun deur die CIA/VSA
 - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- Om na sy familieledede om te sien
- Om sy bejaarde moeder toe te laat om in vrede in Zambië te sterf
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Leier met moed en deursettingsvermoë
- Het gelei deur sy voorbeeld – het op sy eie na die bos gegaan
- Selfsugtige leier – het slegs sy familieledede en sy bevelvoerders beskerm deur hulle na Zambië te stuur (om oorlog in Angola te voorkom)
- Onbekommerd oor die toestand van ander Angolese – sien slegs om na mense wat met UNITA assosieer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.5 *[Vasstelling van partydigheid in Bron 2D – V3]*

- Die brief is geskryf deur die UNITA leier (Savimbi) en praat slegs oor UNITA
- Regverdig waarom UNITA na die bos gegaan het om met die burgeroorlog aan te gaan
- Savimbi beweer dat sy rede om in die bos te bly was om te verseker dat hy vir die vryheidsregte van sy mense veg
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Vasstelling van ooreenkomste tussen Bron 2B en 2C – V3]***Kandidate moet na BEIDE bronne verwys in hulle antwoord**

- Bron 2B verwys na die MPLA wat die eerste rondte van die burgeroorlog wen deur Luanda te behou terwyl Bron 2C toon dat die FNLA troepe deur die MPLA gekeer is om Luanda binne te gaan
- Bron 2B verwys na die MPLA wat 'n poging aanwend om die vyande uit Luanda te dryf terwyl Bron 2C toon dat die FNLA troepe 32 km buite Luanda gekeer is
- Beide vryheidsorganisasies geniet ondersteuning van buite, die MPLA van Franse en Amerikaanse oliemaatskappye (Bron 2B) terwyl die FNLA ondersteun is deur Portugese huursoldate (Bron 2C)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne - V3]*
In die vasstelling van die BRUIKBAARHEID van die bron, kan kandidate die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

BRON 2A

- Dit is gebaseer op 'n amptelike ooreenkoms (die Alvor Ooreenkoms) van die drie Angolese vryheidsbewegings, geteken op 15 Januarie 1975
- Dit verwys na die oorgangsregering wat onder die vryheidsbewegings gevorm is voor die verkiesings wat vir 11 November 1975 geskeduleer was, gehou is
- Die inligting in die bron is relevant en kan in ooreenstemming gebring word met baie ander bronne
- Enige ander relevante antwoord

BRON 2D

- As 'n brief is dit geldig en eerstehandse inligting
- Dit is geskryf deur Jonas Savimbi wat die leier was van een van die vryheidsbewegings in Angola
- Dit toon dat Savimbi menslike kwaliteite gehad het en dat hy 'n leier was
- Dit is relevant en verwys na wat op daardie tydstip gebeur het
- Hierdie bewyse kan in ooreenstemming gebring word deur baie ander beskikbare bronne
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

<p>VLAK 1</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv. toon geen of min begrip van die identifisering van watter EEN van die bronne jy as die bruikbaarste sal beskou in die navorsing van die faktore wat bygedra het tot die uitbreek van die burgeroorlog in Angola tussen 1975. • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. 	<p>PUNTE 0–2</p>
<p>VLAK 2</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. toon begrip van die identifisering van watter EEN van die bronne jy as die bruikbaarste sal beskou in die navorsing van die faktore wat bygedra het tot die uitbreek van die burgeroorlog in Angola tussen 1975. • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. 	<p>PUNTE 3–5</p>
<p>VLAK 3</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip van die identifisering van watter EEN van die bronne jy as die bruikbaarste sal beskou in die navorsing van die faktore wat bygedra het tot die uitbreek van die burgeroorlog in Angola tussen 1975. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. 	<p>PUNTE 6–8</p>

VRAAG 3: WAS DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN LITTLE ROCK IN 1957 'N OORWINNING VIR DIE BURGERREGTE-BEWEGING?

- 3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Het gewag vir die swart Amerikaanse studente om te arriveer om sodoende te verhoed dat hulle die skool bywoon
 - Om die desegregasie van *Central High* te voorkom (enige 1 x 2) (2)
- 3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- (a) Om hulle fisies te stop/om geweld te gebruik/intimiderende taktiek (1 x 1) (1)
- (b) Om joernaliste aan te moedig om die area te verlaat (1 x 1) (1)
- 3.1.3 *[Verduideliking van 'n historiese begrip uit Bron 3A – V1]*
- 'n Segregasionis is iemand wat rasse integrasie van studente by *Central High School* wou voorkom
 - Segregasioniste wou hê dat swart en wit Amerikaanse kinders aparte skole bywoon
 - Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)
- 3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Hy is geïnspireer deur die waardigheid waarmee Elizabeth Eckford die skreeuende skare in die gesig gestaar het
 - Hy wou nie hê die horde moet voel dat hulle gewen het deur hulle te laat weghardloop
 - Wilson was 'n hoog gerespekteerde joernalis, 'n oud-vlootoffisier, dit was 'n geval van trots om nie weg te hardloop van 'n horde segregasioniste nie
 - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)
- 3.2 3.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Die horde het aangeval, skoppe en klappe is op joernaliste toegedien
 - Een van die mans het Alex Wilson (die joernalis) geskop nadat hy hom met 'n baksteen geslaan het
 - Een van die mans in die foto het sy vuis gelig asof hy gereed is om te baklei
 - 'n Skare mans het toegekyk maar het nie probeer om die joernalis te help teen die aanvalle nie
 - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Hulle was rassiste/segregasioniste
- Hulle wou nie hê dat joernaliste oor die gebeure by *Central High* verslag moes lewer nie
- Hy was 'n swart Amerikaner
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.3 3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- Geweldloosheid
- Christelike beginsels (enige 1 x 1) (1)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- Geterroriseer
- Gestenig
- Bedreig (3 x 1)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Die mag om geweldlose taktiek te gebruik om verandering teweeg te bring
- Die mag wat verkry word deur moreel korrekte strategieë te gebruik om vryheid en regverdigheid te verkry
- Geestelike krag is 'n filosofie van Gandhi wat gewortel is in vrede, waardigheid en morele regverdigheid en dit het die gebruik van geweld in die oplos van probleme ondersteun (enige 1 x 2) (2)

3.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Het geglo dat segregasie/diskriminasie nie meer teen die einde van die eeu in Amerika sou bestaan nie
- Was oortuig daarvan dat vryheid naby was
- Hy het geglo dat segregasie nie vir ewig kon aanhou nie omdat dit moreel verkeerd was
- Hy het geglo dat regverdigheid en vrede uiteindelik bereik sou word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Interpretasie en evaluering van inligting in Bron 3A, 3B en 3C – V3]*

- Die gebeure in Little Rock, Arkansas het 'n saak van nasionale belang geword en verslag is daarvoor gedoen in koerante (media) regoor die land (Bron 3A)
- Joernaliste uit ander suidelike state het oor die gebeure by Little Rock verslag gedoen (Bron 3A, 3B en 3C)
- Die beeld van 'n joernalis wat brutaal aangeval word, het wydverspreide openbare ondersteuning vir die Burgerregtebeweging gewen (Bron 3B)
- Die media het die geweldloosheid van die Burgerregtebeweging beklemtoon deur Martin Luther King Jnr. aan te haal in teenstelling met die geweld van die blanke horde in Little Rock (Bron 3C)
- Die morele gewete van die nasie het deur die media se blootstelling van beelde van rassehaat en die aanvalle op onskuldige swart Amerikaners 'n opskudding veroorsaak (Bron 3B)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- Gesmaad
- Gepootjie
- Ink is oor hulle uitgegooi
- Klere is geruïneer
- Fisiese aanvalle (enige 4 x 1) (4)

3.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- Sien homself as 'n verteenwoordiger van swart Amerikaanse kinders wat nie die geleentheid gehad het om by *Central High School* te studeer nie
- Wou aan almal wat getwyfel het dat skole geïntegreer kon word bewys dat dit wel moontlik was
- Wou nie hê dat segregasionele hom moes oorwin en moet voorkom dat hy sy doel bereik van graduering by *Central High School*
- Dit was 'n geval van persoonlike trots vir hom om sy studies te voltooi
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.3 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van Bron 3D – V3]*

- Die inligting in die bron spreek die ondervinding van integrasie by *Central High School* direk aan
- Die bron is geneem uit 'n onderhoud met die eerste swart Amerikaanse student wat by *Central High School* gegradueer het
- Die bron gee aan die geskiedkundige persoonlike insig in die lewe van 'n student wat integrasie ondervind het by *Central High School*
- Die bron laat geskiedkundige empatie toe (2 x 2) (4)

3.6 [Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne - V3]

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Martin Luther King Jnr. se toewyding aan 'geestelike krag' (Bron 3B) was suksesvol aangesien die skool geïntegreer is
- Die 'dagbreek van vryheid en geregtigheid' waarvan Martin Luther King Jnr. praat in (Bron 3B) is bereik aangesien federale troepe die nege swart Amerikaanse leerlinge begelei het na die voorheen gesegregeerde *Central High School* (Bron 3B en 3C)
- Burgerregte aktiviste en die nege swart Amerikaanse leerlinge het by hulle verbondenheid aan geweldloosheid gebly ten spyte van die buitengewone geweld wat teen hulle gepleeg is (Bron 3A, 3B, 3D)
- Ten spyte van die geweld wat deur wit segregasioniste toegepas is om desegregasie te verhoed het die nege swart Amerikaanse leerlinge *Central High School* in 1957 bygewoon (Bron 3C and 3D)
- Die president toon sy ondersteuning aan die Burgerregtebeweging deur federale troepe te stuur om die desegregasie by *Central High School* af te dwing (Bron 3C)
- Little Rock is toegelig omdat dit die eerste keer was dat federale troepe gebruik is om 'n beslissing van die Hooggeregshof dat dit ongrondwetlik was om skole te segregeer, af te dwing (Bron 3C)
- Ernest Green het die eerste swart Amerikaanse student geword om by *Central High School* te gradueer (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv. toon geen of min begrip of die integrasieproses by <i>Central High School</i>, Little Rock in 1957 'n oorwinning was vir die Burgerregtebeweging. • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. 	PUNTE 0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. toon begrip of die integrasieproses by <i>Central High School</i>, Little Rock in 1957 'n oorwinning was vir die Burgerregtebeweging. • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. 	PUNTE 3–5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip of die integrasieproses by <i>Central High School</i>, Little Rock in 1957 'n oorwinning was vir die Burgerregtebeweging. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. 	PUNTE 6–8

(8)
[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE**VRAAG 4:**

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede.]

SINOPSIS

Kandidate moet kan aandui of hulle saamstem met die bewering en dan demonstreer hoe hulle van plan is om die argumentslyn te ontwikkel.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle saamstem dat die onttrekking van soldate uit Viëtnam die nederlaag van die Verenigde State van Amerika aangekondig het.

UITBREIDING

- Die Verenigde state se betrokkenheid in die Viëtnamese oorlog was om die verspreiding van kommunisme te stuit
- Agtergrond: Tussen 1957 en 1965 het die Suid-Viëtnamese weermag teen die Viëtkong (kommunisties opgeleide rebelle in die Suid) wat ondersteun is deur die Viëtminh (kommunistiese guerrillas in Noord- Viëtnam) geveg
- In Maart 1965 is die eerste 'amptelike' 3 500 VS gevegstroepen gestuur om die Suid-Viëtnamese weermag te ondersteun om te voorkom om deur die kommuniste oorgeneem te word
- Die VSA het gedink dat hulle tegnologiese meerderwaardigheid die Viëtnamese oorlog sou beëindig
- Die oorlog was nie 'n konvensionele oorlog nie - die Viëtkong het guerrilla taktiek gebruik om hulle land te verdedig wat die VSA deurmekaar gemaak het en tot groot verliese vir die VS weermag gely het
- Die VSA het in 1965 met 'Operasie Rolling Thunder' ('n bombardering van Maart 1965 om die Noord- Viëtnamese te vernietig) teruggeantwoord, dit was 'n mislukking
- Tet offensief (1968) - Viëtkong lanseer verrassingsaanvalle deur guerrillas op Suid-Viëtnamese dorpe en Amerikaanse basisse, hulle neem beslag van ongeveer 80% van hulle
- Tet offensief toon dat die Amerikaners nie die oorlog kon wen nie omdat die Viëtkong strategies was
- Die rol van die media en antioorlog bewegings rakende die VSA se betrokkenheid in Viëtnam
- Die kommuniste van Noord-Viëtnam (Viëtminh) voorsien voorrade aan Suid-Viëtnam deur die Ho Chi Minh Trail
- 'Operasie Ranch Hand' in 1968 het die VS chemiese ontblaringsmiddels soos 'Agent Orange' gebruik om die woud en 'Agent Blue' te vernietig en om landbouprodukte te vernietig
- In antwoord hierop het die Viëtkong onkonvensionele taktiek en strategieë gebruik om die VS se inval in Viëtnam aan te vat
- Teen 1973 is op 'n skietstilstand besluit (VSA, Noord- Viëtnam en Suid- Viëtnam)
- 1973 Viëtnamisasie (Nixon Doktrine) was 'n geheime plan om die oorlog te beëindig/VS troepe onttrek uit Viëtnam.

- In 1975 het Saigon (Suid- Viëtnam) onder die kommuniste in Noord- Viëtnam geval
- Enige ander relevante antwoord

[50]

Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot

VRAAG 5:

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede.]

SINOPSIS

Met die skryf van hierdie opstel moet kandidate verduidelik tot watter mate die ekonomiese beleid wat in die Kongo en Tanzanië ingestel is suksesvol was na verkryging van onafhanklikheid van koloniale beheer tot en met die 1980's.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n gedagterigting aanneem en toon hoe die Kongo en Tanzanië hulle ekonomiese beleid ontwikkel het na onafhanklikheid.

UITBREIDING

- **Die ekonomiese situasie in die Kongo en Tanzanië met onafhanklikheid**
 - In beide lande het die ekonomie staat gemaak op die uitvoere van minerale en grondstowwe
 - Nie die Kongo of Tanzanië het 'n goed ontwikkelde infrastruktuur (paaie, spoorwegverbindings)
 - In beide lande was die meerderheid mense kleinskaalse bestaansboere
- **Die beleid wat ingestel is om die ekonomie te stabiliseer en verbeter was grotendeels 'n mislukking**

Die Kongo

 - Zaïrenasie (Buitelanders is met Zaïrese vervang) het misluk as gevolg van (onervarenes/korrupsie/wanadministrasie/nalatigheid)
 - Toepassing van terugwyking (vervanging van Zaïrese met buitelanders)
 - Die Kongo het aangehou om buitelandse geld te verdien uit mynweese en die uitvoere van minerale gedurende hierdie tydperk maar die rykdom was gekonsentreerd in die hande van 'n klein elite
 - Die Kongo het nie sy ekonomie gediversifiseer nie en daarom het dit sterk gesteun op pryse wat op uitvoere betaal is
 - Die Kongo het aangehou om sterk te leun op buitelandse hulp en lenings van sy ondersteuners in die Weste wat 'n sindroom van afhanklikheid veroorsaak het

Tanzanië:

- Nyerere het probeer om neokolonialisme teen te staan deur sy industrieë te nasionaliseer en nie probeer om die ekonomie te moderniseer nie deur buitelandse hulp of lenings te gebruik
 - *Ujaama*, die ekonomiese en maatskaplike beleid van 'familieskap' het veroorsaak dat die ekonomie stagnant gebly het
 - *Villagisation* (kollektiewe dorpe) het dienslewering verbeter/het probeer om 'n meer stabiele gemeenskap, wat vry was van ekonomiese ongelykheid, te vorm
 - Boere weier om hulle voorvaders se grond te verlaat en daarom het landbouproduksie geval.
 - Arusha Verklaring (skaf uitbuiting af/lei tot die verkleining van die inkomstegaping tussen die armes en rykes/eienaarskap van die land se bronne)
 - Meeste genasionaliseerde maatskappye het bankrot geraak
 - Uitvoere het vinnig gedaal
 - Teen 1980 was Tanzanië afhanklik van buitelandse hulp en is forseer om lenings aan te gaan by die IMF wat gelei het tot groot afhanklikheid van buitelandse kapitaal
- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot

[50]

VRAAG 6:

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede.]

SINOPSIS

Met die skryf van hierdie opstel moet kandidate die rol wat deur Malcolm X and Stokely Carmichael gespeel is in die bekendmaking van die idees en aksies van die Swartmagbeweging, evalueer.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet die bewering evalueer en dan die idees en aksies van die Swartmagbeweging toelig en die rol wat gespeel is deur Malcolm X en Stokely Carmichael in die bekendmaking van die Swartmagbeweging.

UITBREIDING

- Malcolm X neem 'n benadering van selfverdediging aan (verwerp die geweldlose benadering van die Burgerregtebeweging)
- Boesem 'n gevoel van swart trots in (noen hulself swart Amerikaners, trots in Afrika erfenis en geskiedenis, musiek, kleredrag en haarstyle)
- Selfverdediging en programme help om die swart Amerikaanse Gemeenskappe op te hef (Swart Panthers) vanaf 1966 versprei regdeur die VSA.

Malcolm X

- Malcolm X is 'n voorstander van Swartmag – om te baklei vir gelykheid vir swart Amerikaners
- Verkry ondersteuning van jong stedelike swart Amerikaners om aan te sluit/welsprekendheid en charisma trek meer lede (van 500 in 1952 tot 30 000 in 1963)
- Filosofie van die Swartmagbeweging – 'Swart trots' om selfwaarde vir swart Amerikaners te bevorder
- In 'n 1964 toespraak ('ballot or bullet' [stembriefie of koeël]) in Detroit het Malcolm X die gebruik van selfverdediging bepleit (diskrediteer die geweldloosheid van die Burgerregtebeweging)
- 'n Militante revolusionêr – om terug te baklei uit selfverdediging (aangeneem deur die Swart Panther)
- Baklei vir maatskaplike dienste – gesondheidsdienste, het internasionale werkersklas eenheid bewerkstellig

Stokely Carmichael

- In antwoord op die aanval op James Meredith in 1966 en herhaaldelike arrestasie deur die polisie het Carmichael besluit om Martin Luther King Jnr. se Burgerregtebeweging te verlaat.
- SNCC (Student Non-violent Coordinating Committee) het by die Swartmagbeweging aangesluit.
- Het die slagspreuk 'Black Power' [Swartmag] in 1966 aanvaar
- Pleit by swart Amerikaners om trots te wees daarop om swart te wees (deur kleredrag, haarstyle/erfenis)
- Sluit aan by die Swart Panthers Party en bevorder swartmag
- Inspireer swart Amerikaners deur sy geskrifte
- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot

[50]**TOTAAL: 150**